


ongeoëditeerde finansiële resultate

vir die 6 maande geëindig 31 Augustus 2019

+20%
tot 2 545 sent
Wesens-
verdienste
per aandeel

+20%
tot R2.943 miljard
Wesens-
verdienste

+20%
755 sent
Tussentydse
dividend
per aandeel



'n Bank vir almal

Ons filosofie is om gelyke toegang te bied aan ons kliënte tot bekostigbare, maklik verstaanbare en deursigtige bankdienste, wat hul finansiële lewens verbeter. Ons tref geen onderskeid tussen ons kliënte nie en hulle kan digitaal of in 'n tak transaksies doen.

Die Suid-Afrikaanse bankomgewing het oor die afgelope paar jaar vining verander. Met digitale kanale (banktoepassing en "unstructured supplementary service data" oftewel USSD) wat deurentyd verbeter het ons nou sowat 6.8 miljoen kliënte wat hierdie kanale gebruik teenoor 4.7 miljoen teen einde Augustus 2018. Ons toewyding om aan ons kliënte se digitale behoeftes te voldoen, is bevestig met ons toekenning as Suid-Afrika se beste digitale bank van 2019 in Columinate se SITEsatisfaction®-opname.

Takke is noodsaaklik en relevant vir ons kliënte. Ons gereëlik geplaaste 834 takke landwyd word deur ongeveer 6 miljoen kliënte per maand besoek. Ons het by 122 takke die kassiere verander en volle selfhulp-fasiliteite geïnstalleer. Dit het ons in staat gestel om die takke se kapasiteit te vergroot met 'n ekstra konsultant werkstasie. Altesaam 21 nuwe takke sal volgens plan gedurende die 6 maande tot Februarie 2020 opgemaak word.

Die lewering van **persoonlike diens** het geleidelik groei van amper 200 000 nuwe kliënte per maand oor die afgelope ses maande. Ons het nou 12.6 miljoen aktiewe kliënte. Sedert Februarie 2019 het ons mense in diens met 149 gegroei tot 13 923. Daar was geen afdagings nie en ons beplan ook nie enige personeelbesnoeiing nie.

Deur ons strewe om oplossings te verskaf wat **eenvoudig, toeganklik en bekostigbaar** is, lewer ons steeds 'n belangrike bydrae tot die finansiële welstand van ons kliënte en die volhoubaarheid van ons besigheid.

20% groei in verdienste

Wesensverdienste het van R2.46 miljard vir die 6-maandetydperk geëindig Augustus 2018 toegeneem tot R2.94 miljard vir die tydperk geëindig Augustus 2019. Die opbrengs op aandeelhouerskwiteit vir die huidige tydperk is 28% (Augustus 2018: 27%).

Netto transaksie-inkomstegroei van 12%

Op 1 Maart 2019 is transaksiefooi vir betalings wat deur middel van die banktoepassing, die internet of USSD gedoen word, asook die maandelikse administrasiefooi op die Global One-rekening verminder. Ons filosofie is om aan kliënte terug te gee namate die toename in digitale gebruik doeltreffendheid verhoog.

Ten spyte van die laer transaksiefooi het die netto transaksie-inkomste met 12% gestyg van R3.15 miljard tot R3.53 miljard vir die periode. Dit is te danke aan 'n oorskakeling van tak- na digitale transaksies, en 'n toename in die gebruik van kaarte in plaas van kontant. Die verskuiving na digitale transaksies stem ooreen met ons strategie. Dit het kapasiteit geskep in die takke vir die sterk groei in kliëntegestalte en kredietaansoeke asook die uitreiking van Capitec begraftisplan polisse.

Ons netto transaksiefooi- en begraftisplan-inkomste dek 91% van bedryfsuitgawes (Augustus 2018: 90%) en 46% van ons netto inkomste (Augustus 2018: 47%). Die skuiw na digitale kanale het nie 'n besparing in bedryfsuitgawes tot gevolg gehad nie weens die Capitec begraftisplan en groei in ons kliëntebasis van 2 miljoen die afgelope 12 maande.

Die netto fooi-inkomste afkomstig van ons digitale kanale het met 10% van R344 miljoen tot R380 miljoen gestyg. Ongeveer 2.9 miljoen kliënte is aktiewe gebruikers van die banktoepassing (Augustus 2018: 1.8 miljoen). 'n Toename van 99% in die volume banktoepassingstransaksies tot 290 miljoen vir die tydperk (Augustus 2018: 146 miljoen) bevestig dat ons toepassing kliënte help om hul transaksies beter te hanteer. USSD-gebruikers het vir die huidige tydperk tot 4.7 miljoen gestyg, teenoor 3.9 miljoen vir dieselfde tydperk in die vorige jaar.

Die transaksievolumen van selfbediening-oplossings (insluitend die banktoepassing, internetbankdienste, USSD, binne-tak selfhulp-terminals en kontantierskulleerders) het met 40% toegeneem tot 628 miljoen teen die einde van Augustus 2019 (Augustus 2018: 450 miljoen).

Die netto transaksiefooi-inkomste afkomstig van takverwante transaksies het met 4% tot R1.40 miljard gestyg (Augustus 2018: R1.35 miljard). Dit is 'n bydrae van 20.4% tot die totale netto transaksiefooi-inkomste.

Depositogroei van 23%

Ons het gedurende die afgelope periode R2.28 miljard aan rente op lopende en vastetermyn-spaarrekeninge en kredietkaartrekeninge met positiewe balanse uitbetaal (Augustus 2018: R1.86 miljard).

Ons kliënte se vertroue in ons handelsmerk is weerspieël in die groei van kleinhandeldeposito's met 23% tot R81.4 miljard (Augustus 2018: R66.2 miljard). Bedryfsverslae toon dat daar in Suid-Afrika ongeveer R295 miljard in transaksierakeninge is wat geen rente verdien nie. Indien daardie geld net 4.75% rente verdien het, sou dit Suid-Afrikane elke jaar meer as R14 miljard ekstra in die sak gebring het. Ons kliënte verdien tans tussen minstens 4.75% en 8.55% rente per jaar op enige positiewe saldo op hul rekeninge.

Geld wat in lopende spaarrekeninge belê word, word nie aangewend om kredietverlening te befonds nie. Kredietverlening word deur groothandelfondings, vastetermyndeposito's en behoue verdienste befonds.

Groothandelfondings het gedurende die huidige tydperk met 32% tot R3.95 miljard afgeneem (Augustus 2018: R5.77 miljard). Dit is doeltreffend afbestuur as gevolg van sterk vastetermyndeposito's en verdienstegroei. Ons het 'n effek van R500 miljoen uitgereik en 'n totale aanbod van R2.75 miljard ontvang, 550% meer as waarvoor ons gevra het. Ons sal altyd groothandelfondings behou as deel van ons befondings.

'n Persoonlike begraftisplan

Sedert die produk se bekendstelling in Mei 2018 is meer as 1 miljoen Capitec begraftisplan polisse uitgereik en gedurende die afgelope twee maande is 100 000 polisse per maand uitgereik. Van die totale getal polisse wat uitgereik is, is 67% aktief. Altesaam 85% van die polisse wat die afgelope ses maande uitgereik is, is in die tak uitgereik.

Die mededingende prysstruktuur van die Capitec begraftisplan ontsluit besparings vir ons kliënte. Dit stel kliënte in staat om bykomende familieledede te dek, hul dekkingsbedrag te verhoog of hul bestebare inkomste te verhoog.

Tot dusver is die eiservaring en polisse wat verval, laer as wat verwag is, omdat die boek nogsteeds ontwikkel.

Verbeterde kredietgehalte

Die aanvaarding van 'n duidelike strategie om die gehalte van kredietkliënte te verbeter, het ons in staat gestel om beter leningsaanbiedings en -voorwaardes aan kliënte beskikbaar te stel. Tydens die afgelope 2 jaar het ons gefokus op ons kliënte se profiele en gedrag. Die gevolg hiervan was strengere kredietverleningskriteria. Hierdie strengere kriteria het die agterstallige leningsboek aansienlik laat verbeter, en ons in staat gestel om beter aanbiedings aan sekere kliëntsegmente te rig.

Die bruto leningsboek het gedurende die verslagtydperk met 17% tot R60.25 miljard gestyg, vanaf R51.36 miljard in die vorige tydperk. Die totale agterstallige lenings tot op drie maande het met 11% tot R2.16 miljard verminder teen einde Augustus 2019 (Augustus 2018: R2.43 miljard; Februarie 2019: R2.57 miljard). Bruto lenings en voorskotte wat meer as drie maande agterstallig is, en lenings met 'n regstatus (skuldheriensening en oorhandig) het tot R6.99 miljard gegroei teenoor R3.07 miljard aan die einde van Augustus 2018. Die styging is toe te skryf aan die rekeningkundige standaard IFRS 9.

Voorheen is lenings afgeskryf wanneer hulle meer as drie maande agterstallig was of 'n regstatus gehad het. Sedert die implementering van IFRS 9 op 1 Maart 2018, word lenings net afgeskryf wanneer daar geen redelike verwagting van verdere verhoging van meer as 5% van die bruto saldo op afskrywing is nie. Lenings bly dus langer op die boek en dit het geleidelik 'n toename in fase 3-lenings wat meer as drie maande agterstallig is. Daar is toepaslike voorsiening vir hierdie lenings, teen 92.3% op 31 Augustus 2019.

Volgens IFRS 9 word die rente-inkomste en die verwante kredietafskrywingskoste netto erken vir fase 3-lenings. Die uitwerking hiervan was dat rente- en kredietafskrywingskoste R764 miljoen laer was (Augustus 2018: R442 miljoen). Met die inagneming van hierdie impak sou die vermindering in die netto kredietafskrywingskoste 4% gewees het in plaas van die 17% wat tans aangedui word. Hierdie vermindering is direk toe te skryf aan die genoemde verbetering in die agterstallige leningsboek.

Lenings van 37–84 maande wat gedurende die ses maande geëindig Augustus 2019 toegestaan is, het met 8% toegeneem danksy beter gehalte kliënte wat 'n hoër inkomste verdien. Lenings van 1–36 maande wat gedurende dieselfde tydperk toegestaan is, was 23% meer as gevolg van 'n toename in kliënte wat nie die maksimum lening waarvoor hulle kwalifiseer aangaan nie, maar korter termyn-lenings of laer leningsbedrae teen laer rentekoerse aangaan. Hierdie kliënte het 58.5% verteenwoordig van lenings wat toegestaan is (Augustus 2018: 50.9%).

Ons kon ons kredietkaart-aanbiedings sodanig verbeter dat ons bruto kredietkaartboek met 71% tot R4.55 miljard gegroei het teen einde Augustus 2019 (Augustus 2018: R2.66 miljard; Februarie 2019: R3.62 miljard). Dit beslaan 3.6% van die totale Suid-Afrikaanse kredietkaartmark. Die produk presteer binne verwagting en groei is te danke aan mededingende koerse en perse wat by ons kliënte se behoeftes aangepas word. Kliënte kan tans vir kredietperke van tot R250 000 kwalifiseer, met rentekoerse wat so laag is as die prima koers.

Skuldingsryping

Die Nasionale Kredietwysingswet nr 7 van 2019 (die Wet) beïnvloed nie ons kredietportefeulje nie, met minder as 5% wat binne die bestek van die Wet val.

Die Wet maak voorsiening vir die herstrukturering van die skuld van kliënte wat 'n bruto maandelikse inkomste van minder as R7 500 het, met onversekerde skuld van tot R50 000, en wat volgens die Nasionale Kredietreguleerder (NKR) 'n kritieke skuld las het. 'n Kritieke skuld las kan ontstaan wanneer 'n verbruiker se inkomste afneem of hul lewenskoste toeneem. Indien die verbruiker die NKR nader (wat as 'n skuldberader sal optree), sal die NKR 'n skuldverligtingsoplossing aan die Nasionale Verbruikertribunaal voorlê. Dit stem ooreen met die opsies wat reeds beskikbaar is aan die verbruiker.

Die kliënte wat in die Wet aangespreek word, het tans die opsie om 'n skuldberader te nader en om vir skuldheriensening aansoek te doen, in welke geval die toepaslike vlak van kredietafskrywing in plek gestel word. Groter duidelikhed is verder nodig oor die omskrywing van oorserskuldigheid (kritieke skuld las) wat volgens die Wet toegepas moet word. Ons gaan voort om strengere kredietbekostigbaarheidskriteria toe te pas as dié wat deur die Nasionale Kredietwet voorgeskryf word.

IFRS 16 Huurkontrakte

Ons het IFRS 16, die nuwe rekeningkundige standaard vir huurkontrakte, op 1 Maart 2019 in werking gestel. IFRS 16 vereis dat die huurder in 'n bedryfsuurkontrak 'n bate met 'n verwante las erken. By Capitec gaan ons bedryfsuurkontrakte aan vir takke, OTM'e wat op ander persele geleë is, kantoorruimte en stoorgeriewe.

Die huurlaste is teen die huidige waarde van die oorblywende huurkontrakbetalings gemeet, verdiskonteer teen die bank se inkrementele leenkoers soos op 1 Maart 2019. Die geassosieerde reg- van-gebruik bates is gemeet teen die bedrag gelyk aan die huurlaste, aangepas met die bedrag van enige vooruitbetaalde of opgelope huurbetalings wat in die balansstaat erken is soos op 28 Februarie 2019.

Op 1 Maart 2019 het ons huurlaste van R2.75 miljard en reg- van-gebruik bates van R2.60 miljard erken. In die praktyk sal bedryfsuurkontrakte en huurkoste deur 'n rentekoste en waardeverminderingkoste vervang word. As gevolg van die aanvaarding van IFRS 16 is verdienste per aandeel vir die ses maande tot 31 Augustus 2019 negatief beïnvloed met 50 sent per aandeel.

Koste-tot-inkomste-verhouding van 40%

Die toename in bedryfskoste is hoofsaaklik toe te skryf aan salarisse en inligtingstegnologie koste. Dit is as gevolg van die begeging in ons toekomstige groei en ons fokus op die verbetering van 'n persoonlike ervaring vir kliënte op alle platforms.

Kapitaalbesteding het teen Augustus 2019 tot R804 miljoen toegeneem (Augustus 2018: R457 miljoen), dit is hoofsaaklik as gevolg van die boukoste van ons nuwe hoofkantoor asook die implementering van die nuwe SAP algemene grootboek-, verkryging- en mensehulpbronstelsel.

Die koste-tot-inkomste-verhouding is deur twee IFRS rekeningkundige standaarde geraak. Die impak van IFRS 9 se hantering van rente-inkomste op fase 3-lenings het tot 'n daling van R764 miljoen in rente op lenings en verminderde inkomste uit bedrywigehede gekel (Augustus 2018: R442 miljoen; Februarie 2019: R631 miljoen). Die impak van IFRS 16 was dat ons waardevermindering- en rentekoste in plaas van bedryfsuurkoste erken het. Gedurende die 6-maandetydperk geëindig Augustus 2019 het ons waardevermindering ten bedrae van R199 miljoen teen opsigte van bedryfskoste en R134 miljoen ten opsigte van rentekoste vir hierdie huurkontrakte erken. Hierdie koste vervang die bedryfsuurkoste vir die 6-maandetydperk geëindig Augustus 2019, ten bedrae van R245 miljoen.

Ons bly goed gekapitaliseer en het lae likiditeitsrisiko

Capitec is steeds goed gekapitaliseer met 'n kapitaaltoereikendheidsverhouding van 34% teen 31 Augustus 2019.

Die implementering van IFRS 16 op 1 Maart 2019 het die kapitaaltoereikendheidsverhouding met 1.4% verminder.

Wanneer die verkryging van Mercantile Bank goedgekeur is, sal ons hul bates en laste konsolideer. Die totale impak van die konsolidasie sal na verwagting die kapitaaltoereikendheidsverhouding met sowat 6.5% verlaag tesame daarmee om ons besigheid te diversifiseer.

Ons voldoen aan die likiditeitsdekkingverhouding (LDV) asook die netto stabiele befondingsverhouding (NSBV) van Basel III. Ons LDV is 2126% en ons NSBV is 202% as gevolg van ons konserwatiewe likiditeitsstrategie. (Die Basel III-vereiste is 100% vir beide verhoudings.)

Kredietgraderings

S&P Global Ratings het Capitec Bank se graderings op 22 November 2018 met die vooruitsig as stabiel bevestig. Ons het 'n internasionale langtermyngradering van BB en 'n internasionale korttermyngradering van B. Die Suid-Afrikaanse nasionale langtermyngradering is zaAA en die korttermyngradering is zaA+1.

Ons internasionale langtermyngradering is dieselfde as die soewereine gradering, asook dié van ander groot Suid-Afrikaanse banke.

Vooruitsigte

Ons sal steeds daarop fokus om eenvoudige, bekostigbare, toeganklike oplossings deur persoonlike diens aan ons kliënte te lewer – nie net deur ons kleinhandelbank nie, maar ook eersdaags deur ons besigheidsbank. Ons het 'n positiewe langtermynsiening van Suid-Afrika, en dit is waarom ons uit sien na die integrasie van Mercantile Bank. Aankondigings oor die finale goedkeuring van die Mercantile Bank-verkryging en verwante besonderhede sal op die nuusdiens van die Johannesburgse aandelebeurs (SENS) gedoen word. Ons sal voortgaan om digitale innovering en kunsmatige intelligensie te gebruik om te verseker dat ons die beste digitale bank- en betaaloplossings aan ons kliënte bied, en ook ons kliëntinsigte verbeter.

Veranderings in die samestelling van die direksie

Op 31 Mei 2019 het Riaan Stassen, ons voorsitter en een van die stigters van Capitec Bank, die amp neergelê. Ons sê dankie aan eer Riaan vir die beduidende rol wat hy in die sukses van die bank gespeel het en ons wens hom alles van die beste toe met sy aftrede. Die direksie het Santie Botha as nuwe voorsitter aangestel met ingang van 1 Junie 2019. Santie se aanstelling sal die onafhanklike element van die direksie versterk en die voortgesette strewe ondersteun om die direksie se saakevulning uit te brei.

Lindi Dlamini het op 30 Junie 2019 as direkteur bedank as gevolg van haar aanstelling as uitvoerende hoof van 'n finansiële diensmaatskappy. Ons sê dankie aan Lindi vir haar toewyding en bydrae tydens haar termyn as lid van die direksie.

Tussentydse dividend

Die direkteure het 'n bruto tussentydse dividend van 755 sent per gewone aandeel verklaar vir die ses maande tot 31 Augustus 2019 (31 Augustus 2018: 630 sent). Die dividend sal op Maandag 4 November 2019 betaal word. Capitec het 115 626 991 uitgereikte aandele.

Die dividend voldoen aan die omskrywing van 'n dividend ingevolge die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962). Die dividendbedrag na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 20% is 604 sent per aandeel. Die uitwerking word uit inkomstereserwes befonds. Capitec se belastingverwysingsnommer is 9405376840.

As gevolg van stelselaanpassings by die JSE, is ons dividenddatums uitgestel tot:

Laaste dag van verhandeling met dividend	Dinsdag 29 Oktober 2019
Verhandeling sonder dividend begin	Woensdag 30 Oktober 2019
Rekorddatum	Vrydag 1 November 2019
Betaaldatum	Maandag 4 November 2019

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag 30 Oktober 2019 en Vrydag 1 November 2019, beide dae ingesluit, gedematerialiseer of ghermaterialiseer word nie.

Namens die direksie

Santie Botha

Gerrie Fourie

Santie Botha
Voorsitter

Gerrie Fourie
Hoof uitvoerende beampte

Stellenbosch
26 September 2019

* Suid-Afrikaanse Reserwebank (BA 900)

Hierdie aankondiging is die verantwoordelikhed van die direkteure van die maatskappy. Dit is slegs 'n uittreksel en 'n hardie wysse aangeduid om te bely met die inkomstebelastingwet. Registrasienommer: 2006/01587/07
Direkteure: SL Botha (Voorsitter), GM Foune (HUB), AP du Plessis (HFB), MS du P Roux, K Makwane, NS Mashia (HRB), JD McKenzie, DP Meinlges, JP Mouton, CA Otto, JP Verster

Oordragsekreteris Computershare Investor Services Eiendoms Beperk (Registrasienommer: 2004/003647/07)
Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank, Johannesburg 2196; Posbus 61051, Marshalltown 2107
Borg PSC Capital Eiendoms Beperk (Registrasienommer: 2006/01587/07)
Netto aansoekant Santie Botha (Voorsitter), GM Foune (HUB), AP du Plessis (HFB), MS du P Roux, K Makwane, NS Mashia (HRB), JD McKenzie, DP Meinlges, JP Mouton, CA Otto, JP Verster



Sluutelaanwysers van prestasie

	6 maande geëindig Augustus		Verandering %	Jaar geëindig Februarie
	2019	2018	2019/2018	2019
Winsgewendheid				
Rente-inkomste op lenings ⁽⁹⁾	R'm 6 443	6 305	2	12 723
Rente-inkomste op beleggings	R'm 1 681	1 301	29	2 778
Rente-inkomste	R'm 8 124	7 606	7	15 501
Netto leningsfooi- en versekeringsinkomste	R'm 859	693	24	1 507
Totale lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste minus leningsfooi-koste	R'm 8 983	8 299	8	17 008
Rente betaal ⁽⁹⁾	R'm (2 677)	(2 187)	22	(4 510)
Netto lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste	R'm 6 306	6 112	3	12 498
Netto transaksiefooi-inkomste	R'm 3 529	3 147	12	6 644
Ander	R'm 11	19	(42)	3
Begrafnisplan-inkomste	R'm 107	6	6	54
Inkomste uit bedrywigehede	R'm 9 953	9 284	7	19 019
Kredietafskrywingskoste ⁽⁹⁾	R'm (2 115)	(2 542)	(17)	(4 450)
Netto inkomste	R'm 7 838	6 742	16	14 569
Inkomste van geassosieerdes	R'm (3)	9	-	2
Bedryfsuitgawes ⁽⁹⁾	R'm (4 003)	(3 500)	14	(7 494)
Inkomste voor belasting	R'm 3 832	3 251	18	7 077
Belasting	R'm (879)	(792)	11	(1 781)
Voorkeurdividend	R'm (4)	(5)	(20)	(9)
Diskonto op terugkoopte van voorkeuraandeel	R'm (1)	-		(2)
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers				
Basiese	R'm 2 948	2 454	20	5 285
Wesens-	R'm 2 943	2 461	20	5 292
Netto transaksiefooi- en begrafnisplan-inkomste tot netto inkomste ⁽⁹⁾	% 46	47		45
Netto transaksiefooi- en begrafnisplan-inkomste tot bedryfsuitgawes ⁽⁹⁾	% 91	90		87
Koste-tot-inkomste-verhouding ⁽⁹⁾	% 40	38		39
Opbrengs op gewone aandeelhouerskwiteit	% 28	27		28
Verdienste per aandeel				
Toeskryfbare	sent 2 549	2 122	20	4 571
Wesens-	sent 2 545	2 128	20	4 577
Verwaterde toeskryfbare	sent 2 545	2 118	20	4 562
Verwaterde wesens-	sent 2 540	2 124	20	4 568
Dividende per aandeel				
Tussentydse	sent 755	630	20	630
Finale	sent			1 120
Totale	sent			1 750
Dividenddekking	x			2.6
Bates				
Netto lenings- en voorskotte	R'm 47 403	41 888	13	44 515
Finansiële instrumente teen geamortiseerde koste ⁽⁹⁾	R'm 57 125	46 169	24	49 208
Finansiële bates – ekwivaleentinstrumente teen blikke waarde deur middel van ander omvattende inkomste	R'm 100	100		100
Reg- van-gebruik bate (IFRS 16)	R'm 2 470	-		-
Ander	R'm 4 885	4 030	21	5 009
Uitgestelde inkomstebelastingbate	R'm 1 613	1 438	12	1 596
Totale bates	R'm 113 596	93 625	21	100 428
Laste				
Kleinhandeldeposito's en groothandelfondings	R'm 85 324	71 983	19	76 443
Ander	R'm 5 096	2 022	2	2 309
Totale laste	R'm 90 420	74 005	22	78 752
Ekwiteit				
Aandeelhouersfondse	R'm 23 176	19 620	18	21 676
Kapitaaltoereikendheidsverhouding	% 34	36	(7)	34
Netto batewaarde per gewone aandeel	sent 20 444	16 876	19	18 676